

## **N G GEMEENTE DEBRUINPARK-ERMELO**

OP PAD NA HERLEWING IN WAARHEID EN LIEFDE

### **AANBEVELING: HOMOSEKSUALITEIT**

Tydens die Kerkraadsvergadering van 4 Mei 2005 (KRV 04/05/2005 – 11.2) is die onderstaande aanbeveling ten opsigte van Homoseksualiteit deur die Kerkraad aanvaar en goedgekeur.

1. **Dit is die roeping van die gemeente om die Evangelie van Jesus Christus in alle omstan-dighede en aan alle mense te bring. Dit is ook ons gemeente se taak om die lig van God se Woord ook op die terrein van menslike seksualiteit te laat val sodat die boodskap van hoop en bevryding in Jesus Christus ook met betrekking tot hierdie aspek van die lewe tuisge-bring kan word.**
2. **Ons besef dat dit ons roeping is om in liefde en deernis ook betrokke te raak by persone wat in die bande van sonde vasgevang is deur hulle tot bekering op te roep, by te staan in hul worsteling en hulle pastoraal te begelei.**
3. **Ons verstaan dat die Bybel slegs die verbintenis tussen een man en een vrou as 'n huwelik beskou. Ons glo daarom dat dit ons roeping is om alle mense te waarsku teen huweliks-praktyke wat hierdie grense oorskry.**
4. **Ons is daarvan oortuig dat die Bybel ons leer dat seksuele omgang bedoel is vir die huwelik.**  
**Ons glo daarom dat onder andere homoseksuele omgang sonde is.**

**Ds. Herman Matthee**

066 303 9759

[herman@ngdebruinpark.co.za](mailto:herman@ngdebruinpark.co.za)

**Ds. DF Ehlers**

066 303 9757

[difehlers@gmail.com](mailto:difehlers@gmail.com)